MISSION KWASIZABANTU

Tel: 032 - 481 5500 Fax: 032 - 481 5510 www.ksb.org.za

Privaatsak 252
Kranskop
3268
RSA

9 Desember 2002

Liewe Vriende,

Ons is aan die einde van nog 'n jaar. So baie het in 2002 teen 'n geweldige pas gebeur, en ons dank die Here vir groot oorwinnings wat Hy ons geskenk het.

Laat my toe om net vier van hierdie mylpale met u te deel: 'n viering van 50 jare in die bediening, die heengaan van my dierbare vrou, die Desember Jeugkonferensie en die werking van die Here in Malelane.

Die Koning het gekom! - *die Heengaan van my vrou, Kay*

Soos u waarskynlik weet, is Kay 6 jaar gelede met kanker gediagnoseer. In November het sy agteruitgegaan en die dokters het ons oor die erns van haar toestand ingelig. Een dokter het haar gevra of sy bang was om te sterf, waarop haar antwoord was: "Nee, ek is nie bang om te sterf nie, net besorg oor hoe my gesin sonder my sal klaarkom." Die nag voor haar dood het een van my dogters haar hoor sê: "Dit sal goed gaan met hulle!" Die Here het toe met haar gepraat dat sy nie oor ons besorg moes wees nie



Ek het kort tevore 'n voet-operasie ondergaan (ná 50 jaar van preek, het my voet probleme begin gee). Met my terugkoms uit Pretoria waarheen ek vir 'n paar ure moes gaan om my gips te laat vervang, het ek Kay baie verswak aangetref, maar altyd nog in staat om die Here te loof. (Sy het dikwels gesê: "Here, ek het U lief" wanneer sy asemnood ondervind het.) Vroeg die oggend van 26 November het sy vir my gesê dat ek 'n bietjie moes gaan rus omdat ek die vorige twee nagte baie min geslaap het. Toe sy hierop aandring, het ek vir die ander (my broer Heino en sy vrou was ook by ons) gevra om my asseblief te roep as daar enige verandering in haar toestand was. Dit het gevoel asof dit net 'n paar minute later was dat my dogter Ruth my wakker gemaak het met: "Mamma roep vir Pappa en sê dat die Koning kom!" Ek het na haar toe gehinkepink en haar hand vasgehou. Sy het herhaaldelik gesê: "Die Koning kom", en toe stralend: "Hy't gekom!" Dit was haar laaste woorde aan my voordat sy bewusteloos geraak het en teen 17:50 daardie middag oorlede is.

Wat 'n voorreg was dit om 'n wonderlike vrou soos Kay te hê. Sy was vir my 'n baie groot hulp, en die kinders en ek sal haar geweldig mis.

Die begrafnis het op Sondag 1 Desember plaasgevind en was vol vreugde en heerlike oorwinning. (Lees meer hieroor en sien ook foto's op ons webblad: http://www.ksb.org.za/Summary/20021201_need.htm). Dit was vir ons 'n groot eer om 'n familievriend, Dr M.G. Buthelezi, die Minister van Binnelandse Sake, op die begrafnis te hê en sy kosbare trooswoorde te hoor.

Ek was nog altyd van mening dat dit beter is as die man eerste sterf, omdat weduwees dinge beter hanteer as wewenaars. Ek sien dit nou egter in 'n ander lig en dank die Here dat Hy my vrou eerste geneem het en my toegelaat het om haar oorwinnaarsdood te beleef, waar sy nie deur engele nie, maar deur die Koning Self gehaal is.

KwaSizabantu Jeugkonferensie *6 - 13 Desember 2002*

Die ses-maandelikse Jeugkonferensie is altyd 'n hoogtepunt op die KwaSizabantu kalender. Ten spyte van my voetoperasie het die Here my in staat gestel om amper elke dag 'n diens te neem. Ek het 'n spesiale stoel op die preekstoel gehad waarop ek kon sit en praat. Ek het reeds verbeter vanaf 'n rystoel met my vrou se begrafnis, tot krukke en nou kan ek sonder bystand na die preekstoel toe loop.



Bill Bathman & tolk, Robert Maphanga, illustreer Simson

Ek is so dankbaar vir die medewerkers en baie ander vrywillige helpers wat ons bygestaan het met die tallose aspekte wat gereël moet word vir 'n konferensie van hierdie grootte - vervoer, registrasie, verblyfreëlings, beheer oor die massas, ens. ens. Dit was 'n groot seën om twee besoekende predikers te hê wat met die bediening van die Woord kon help. Rev Bill Bathman van Amerika en Eerw Joseph Chauke is reeds vir baie jare lank kosbare vriende van ons, en hulle het wonderlike boodskappe gebring wat grootliks deur die jong mense waardeer is.



Honderde verlaat hulle sitplekke om na die altaar te gaan

Die tema, ***"Kom en laat ons die saak uitmaak…"*** *(Jesaja 1:18), het hom geleen tot kragtige boodskappe deur al die predikers.*
Dit gebeur nie dikwels dat plattelandse kinders en diegene uit minderbevoorregte omstandighede, die geleentheid kry om 'n klassieke musiekkonsert by te woon nie. Sondagmiddag die 8ste Desember om 14:30 kon die jong mense luister na 'n drie uur lange uitvoering van Händel se ***"Messias"****, volledig met orkes, massakoor en soliste. (Lees meer hieroor op die KwaSizabantu-webblad.)*

Die kinders en baie ander besoekers wat vir die uitvoering gekom het, het die fantastiese vertolking, onder leiding van die bekende KwaZulu-Natalse dirigent Lutz Kohrs, terdeë geniet.
Bid asseblief vir die kinders waar hulle nou teruggekeer het na hulle huise, waar die omgewing toenemend agteruitgaan en oorloop van versoekings, misdaad en die gevaar van seksuele misbruik (volgens berekening staan een uit elke vyf meisies in Suid-Afrika gevaar om verkrag te word en heelwaarskynlik Vigs op te tel).

50 Jaar in die Bediening

Hierdie jaar is vir my 'n baie spesiale jaar omdat dit presies 50 jaar gelede is dat ek begin preek het. Die medewerkers het 'n spesiale funksie gereël wat oor twee dae (12 en 13 Oktober) plaasgevind het. 'n Hele paar duisend mense van die verskeie KwaSizabantu-buiteposte en ook ander vriende van die Sending het dit bygewoon en die Here saam met my geloof vir Sy bewaring tydens hierdie vyf dekades. 'n Paar van my kollegas en familielede het herinneringe opgehaal oor die vroeë jare en veral die tyd van die uitstorting van die Heilige Gees in 1966 te Mapumulo. Ses stelle skyfies oor die Here se werking die afgelope 50 jare, is Saterdagaand vertoon.



Voetnota deur Friedel Stegen:

Ons was bevoorreg om die Premier van KwaZulu-Natal, Dr Lionel Mtshali, tydens die viering in ons midde te hê . Hy het 'n toespraak van die Minister van Binnelandse Sake, Dr M.G. Buthelezi, voorgelees: *"As 'n mens terugkyk oor die afgelope 50 jaar, is daar geen twyfel dat Eerw Stegen sy merk op die samelewing van Suid-Afrika gelaat het nie. Deur sy toegewyde werk te KwaSizabantu Sending is baie lewens verander."*
In sy eie toespraak het die Premier gesê: *"Dit is deur die Here se genade dat Eerw Stegen vir so baie jare vanaf KwaSizabantu kon preek. Dit gebeur nie dikwels dat 'n persoon 'n blywende geloof het nie, veral in hierdie materialistiese tye waarin ons leef. Eerw Stegen se prediking het baie mense regoor Suid-Afrika en die wêreld geraak. Hy is 'n stralende voorbeeld van wat die prediking van die Evangelie eintlik is. Hy het in alle opsigte dit wat hy preek, uitgeleef. Aan enige standaarde gemeet, is vyf dekades 'n lang tyd. Vandag prys ons die voorbeeld van Eerw Stegen se prediking. Ons is getuies van die vrug van sy prediking in die manne en vroue wat hulle lewens aan edele roepings gewy het."*

Nuwe sending-buitepos te Malelane in Mpumalanga



Die eerste diens

'n Baie opwindende deel van die onlangse groei van KwaSizabantu se bediening is in Malelane (Schulzendal) in Mpumalanga. Dit was daar waar die Here my aanvanklik tot voltydse diens geroep het. Ons het nou 'n nuwe sentrum daar en het 'n vars bries van die werking van die Heilige Gees gesien: mense wat nie die dienste wil verlaat nie, 'n oortuiging van sonde en mense wat hulle lewens aan die Here wy. Daar is spanne van KwaSizabantu wat in die sentrum daar bly en onder die mense in die omliggende gebiede werk. Hulle het al baie skole besoek en die deure is wyd oop vir die verspreiding van die Evangelie. Ons het die jong mense van daardie omgewing doelbewus nie by ons Jeugkonferensies in Julie en Desember betrek nie omdat ons nou in staat is om aparte Jeugkonferensies vir hulle by die nuwe sentrum te reël. Tydens die naweek van 20 tot 22 September, het ons die eerste van sulke konferensies daar aangebied, en dit is deur ongeveer 3,000 jong mense van die omgewing bygewoon.



Malelane Jeugkonferensie, September 2002



Predikantekonferensie-pamflet

Hierby ingesluit (indien u u nuusbrief per pos ontvang) is 'n pamflet wat u kan gebruik om predikante en ander Christelike werkers na die KwaSizabantu Predikantekonferensie (3 6 Maart 2003, D.V.) te nooi.

Ten slotte, laat hierdie Kersfees nie maar "net nog 'n Kersfees" wees nie, maar mag dit 'n baie spesiale tyd vir u en u familie wees, 'n tyd waarin u u toewyding aan die Koning van konings hernu en Sy seëninge en oorwinning in die Nuwejaar van 2003 geniet.

My preek hierdie Sondag was gebaseer op die vers in Genesis 5:21-22 oor om naby God te leef en met Hom te wandel. Dit is my gebed vir u, dat die realiteit van 'n wandel met die Here altyd vir u vars en werklik sal wees in u lewe.

In Sy liefde



Erlo Stegen